higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1150**(A)**(J6)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N6

(Eerste Vraestel)

(9090176)

6 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N6
(Eerste Vraestel)
UUR: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord of 'n term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

ektopiese swangerskap; monoplegie; essensiële hipertensie; amenoree; dismenoree; paraplegie; involusie; keisersnee; bradikardie; oligomenoree; tagikardie; gravida

1.1.1 Afwesigheid van menstruasie

1.1.2 Pynlike menstruasie

1.1.3 'n Swanger vrou

1.1.4 Inplanting van 'n bevrugte eiersel buite die baarmoeder

1.1.5 Verlossing van 'n baba deur 'n snit in die abdomen

1.1.6 Hipertensie sonder 'n bekende oorsaak

1.1.7 'n Vergrootte orgaan wat weer sy normale grootte aanneem.

1.1.8 'n Stadige polsslag

1.1.9 Verlamming van een ledemaat

1.1.10 Aantasting van die onderlyf

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Waterpokkies is nie 'n aansteeklike siekte nie.

1.2.2 Septisemie is infeksie van die bloed wat deur bakterieë veroorsaak word.

1.2.3 Te veel rooibloedselle is 'n kenmerk van anemie.

1.2.4 'n Identiese tweeling verskil geneties.

1.2.5 'n Baba wat op 30 weke gebore word, word as prematuur beskou.

1.2.6 Patente ductus arteriosis is 'n toestand waarin die ductus arteriosus ná geboorte toegaan.

Kopiereg voorbehou

1.2.7 Placenta praevia is 'n toestand waarin die plasenta die serviks gedeeltelik of volledig bedek.

1.2.8 'n Kolposkopie is 'n ondersoek van die kolon.

1.2.9 Hemofilie beteken dat die lyer se bloed nie behoorlik stol nie.

1.2.10 'n Miokardiale infarksie staan algemeen as 'n asma-aanval bekend.

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord slegs DRIE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Noem TWEE soorte geelsug. (2)

2.2 Noem VYF simptome van inflammasie. (5)

2.3 Watter simptome toon 'n pasiënt wat 'n gastroïntestinale klagte het? (8)

2.4 Bespreek die teenwoordigheid van niepatogeniese bakterieë. (5)
[20]

VRAAG 3

3.1 Noem SEWE aanmeldbare siektes in Suid-Afrika. (7)

3.2 Wat moet 'n mediese sekretaresse, wat heeldag tussen siek mense is, doen om gesond te bly? (8)

3.3 Som die regsaspekte van aborsie in Suid-Afrika op. (5)
[20]

VRAAG 4

4.1 Noem SEWE diagnostiese ondersoeke wat op die sentrale senuweestelsel gedoen word. (7)

4.2 Watter inligting gebruik 'n dokter om die mees geskikte antibiotikabehandeling voor te skryf as die uitslae van die toetse nog nie ontvang is nie? (4 × 2) (8)

4.3 Verduidelik hoe die omgewing waarin pasiënte woon, hulle kans om 'n siekte op te doen, kan verhoog. (5)
[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Noem TWEE simptome van tonsilitis. (2)

5.2 Noem VYF soorte bewusteloosheid. (5)

5.3 Verduidelik die eerstehulp vir epistakse. (8)

5.4 Hoe kan pasiënte keer dat hulle 'n weerstand teen antibiotika ontwikkel? (5)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou